

**14 April**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 29 en 30**

**Fokusgedeelte: Deut 30:11**

### **Godsdiens wat grondvat in my lewe**

Hoe dikwels spel die Bybel nie die daede van God uit nie, maar so dikwels vind dit nie ingang by ons nie. Israel het self ondervind wat God gedoen het (29:2). Hulle staan hier op die punt om die vol Jordaen deur te trek. Agter hulle lê 'n pad waar hulle klere nie verslyt het nie en hulle skoene nie gebreek het nie. Tog is dit nie ter harte geneem nie. Die rede: Hulle wou nie verstaan en sien en hoor nie (Eks 3:5-7). Die hart wat na Hom soek sal Hy nooit afwys nie. Die oog wat blink vanweë sy grootheid maak Hy nie blind nie. Die oor wat gespits is om van Hom te hoor, maak Hy nie doof nie.

Jou geloof moet grondvat in jou lewe en nie daarbo rondswewe nie. Moses het by herhaling vir Israel die wet voorgehou. God self sê hiervan: Die wet is nie te moeilik vir jou nie (30:11), dit is nie hoog of ver of swaar nie. Vers 14: "Die gebod is naby aan jou, jy kan daarvoor praat, jy ken dit, jy kan daarvolgens lewe."

Jou geloof moet uit die wet van die Here gevoed word. Geloof en wet lê langs mekaar (Rom 10:5,6). Daarom moet jou geloof grondvat. Dit is nie maar iets wat jy van God sê nie, maar waaruit jy lééf. As jou geloof 'n veraf geloof is, word jy rasend in jou beproewinge. Dan sien jy nie 'n God wat by jou staan en sê: Moenie bang wees nie (Jes 43). Wie uit die geloof lewe, is vol en ryk. Dan sal jy nie maar 'eendag' by die Here wees nie en 'Eendag' nie meer so stry en worstel nie. Nee, daar is nou vrede en blydschap by God. Geloof op grondvlak is moontlik – geloof waaruit jy nou leef.

*Sing: Psalm 4:2,3*

*Ds LD Aucamp (Cullinan)*